Republiek van Suid-Afrika

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

# (WES-KAAP HOË HOF, KAAPSTAD)

**SAAKNR: A 355/09**

In die saak van

**ZAMILE DAMPIES** **Appellant**

en

**DIE STAAT** **Respondent**

---

***UITSPRAAK GELEWER : 12 FEBRUARIE 2010***

---

***MOOSA, R:***

[1] Appellant het in die Kaapse Streekhof, gehou te Worcester, tereggestaan op een aanklag van brandstigting, twee aanklagtes van moord en een aanklag van poging tot moord. Op 10 April 2008 is hy skuldig bevind op twee aanklagtes van moord en onskuldig op die res van die aanklagtes. Op 16 April 2008 is die appellant gevonnis tot 15 jaar gevangenisstraf op elk van die aanklagte. Die hof het gelas dat die vonnisse samelopend uitgedien word. Die appellant kom in hoër beroep teen slegs die opgelegde vonnis met die verlof van die verhoorhof.

[2] Dit is geykte beginsel van ons reg dat 'n hof van appèl net sal inmeng met die vonnis diskresie van die verhoorhof indien daardie hof sy vonnis diskresie op 'n onbehoorlike of 'n onredelike wyse uitgeoefen het deur 'n mistasting of 'n onreëlmatigheid of 'n wanvoorligting begaan het of indien die opgelegde vonnis in die omstandighede van die betrokke saak steurend onvanpas is of opvallend verskil van 'n vonnis wat 'n redelike hof sou opgelê het.

[3] Adv **Kloppers**, namens die appellant, het aangevoer dat die verhoorhof, eerstens, misgetas het deur die belange van die gemeenskap oor te beklemtoon en die persoonlike omstandighede van die appellant onder te beklemtoon; tweedens, dat die verhoorhof se versuim om behoorlik oorweging te skenk aan die versagtende en verswarende omstandighede daartoe gelei het dat die verhoorhof nie sy vonnis diskresie behoorlik uitgeoefen het nie en as gevolg daarvan 'n onbillike vonnis toegepas het wat skokkend onvanpas was en derdens, dat die verhoorhof geen gewig aan die kwessie van rehabilitasie geskenk het nie.

[4] Adv **Tarantal**, namens die Staat, het eerstens aangevoer dat die verhoorhof geen mistasting begaan het nie; tweedens, dat die opgelegde vonnis nie skokkend onvanpas is nie; derdens dat die verhoorhof alle relevante faktore by die oplegging van vonnis oorweeg het en laastens, dat die effektiewe termyn van gevangenisstraf nie buitensporig swaar is nie.

[5] Die twee aanklagtes van moord waaraan die appellant skuldig bevind is, was gekoppel aan die bepalings van Wet 105 van 1997, wat voorsiening maak vir voorgeskrewe minimum vonnisse tensy die hof kan bevind dat daar wesentlike en dwingende omstandighede aanwesig is wat 'n mindere vonnis regverdig. In hierdie geval

was die minimum vonnis, in die afwesigheid van wesentlike en dwingende omstandighede, een van 15 jaar gevangenisstraf. Die verhoorhof het bevind dat daar geen wesentlike en dwingende omstandighede aanwesig is wat die hof noop om af te wyk van die voorgeskrewe minimum vonnis van 15 jaar gevangenisstraf nie. Die verhoorhof het wel gelas dat die vonnisse op die aanklagtes samelopend uitgedien word.

[6] Die omstandighede van die saak kan kortliks soos volg opgesom word: Die oorledenes en ene Frank Goeieman was hierdie betrokke dag tuis en het gedrink. Die beskuldigde het daar aangekom. 'n Stryery het tussen hom en sy houvrou, die oorledene, Maria, ontstaan. Die beskuldigde het die huis aan die brand gesteek. Die deur was toe gegrendel. Die drie persone binne in die huis het probeer deur die vensters spring. Die beskuldigde het hulle bestook met klippe om hulle te verhoed om uit die brandende huis te kom.

[7] Goeieman het daarin geslaag om uit die huis te kom, maar die twee oorledenes het nie daarin geslaag om uit te kom nie. Hulle is oorval deur die vuur en rook en het beswyk. Die buurman, mnr Jones, het daar opgedaag. Die appellant is deur hom gevra: "Wat maak jy?" Die appellant antwoord: "Nee, laat hulle vrek brand". Die appellant het die stryery bevestig, maar sê hy was kwaad en dronk. Hy het ook ontken dat hy die deur gesluit het met die grendel.

[8] Ek wil uit die staanspoor sê dat die misdrywe waaraan die appellant skuldig bevind is van 'n ernstige aard is. Die verhoorhof het hom soos volg uitgelaat: "Seker een van die ernstigste misdrywe, indien nie die ernstigste misdryf wat daar is nie. In hierdie geval is daar twee lewens geneem. Dit is 'n onherstelbare verlies en dit kan nie – die tyd kan nie net omgedraai word om daardie mense se lewens terug te kry nie". Die verhoorhof het ook

genoem dat die wetgewer hierdie soort misdrywe in 'n ernstige lig bejeën deur voorgeskrewe vonnisse op te lê.

[9] Adv **Kloppers** het in haar betoog toegegee dat dit duidelik is dat die misdrywe waaraan die appellant skuldig bevind is, inderdaad baie ernstig is en dit op sigself is 'n verswarende faktor. Dit noop die verhoorhof om voorkeur te gee aan die element van vergelding.

[10] Met betrekking tot die belange van die gemeenskap sê die verhoorhof: "Daar is seer sekerlik geliefdes wat agter bly, wat hartseer is oor hierdie groot verlies van hulle en dit kan hulle in sommige gevalle hulle lewe bybly – hierdie groot verlies wat hulle gely het in hierdie geval het die eerste staatsgetuie op een slag sy moeder en sy meisie laat verloor".

[11] Die verhoorhof het die persoonlike omstandighede van die appellant in aanmerking geneem by die oorweging of daar wel dwingende en wesenlike omstandighede is. Met betrekking tot sy vorige veroordelings het die verhoorhof gesê dat die laaste skuldigbevinding ten opsigte van geweldsmisdaad op 12 Maart 1991 was. Sedertdien het hy 'n skoon rekord gehandhaaf en ook nadat hierdie misdaad gepleeg was, het hy 'n skoon paadjie geloop.

[12] Die verhoorhof het ook ter versagting in ag geneem dat hy 'n swaar lewe onder die oorledene, Maria, gely het. Wanneer hulle 'n woordewisseling gehad het, het haar seun Goeieman, tussenbeide getree om tot haar hulp te kom. Die hof het ook in ag geneem die swak sosio ekonomiese omstandighede waarin die appellant gewoon het, dat hy feitlik ongeletterd was, dat die saak sedert Oktober 2003 hangende was en dat dit soos 'n swaard oor sy kop moes gehang het.

[13] Met betrekking tot die verswarende omstandighede het die hof nie bevind dat die appellant aanvanklik die huis aan die brand gesteek het om die oorledenes te laat dood brand nie. Hy het hulle wel verhoed om uit die huis te kom en sodoende het hulle dood gebrand. Die verhoorhof het verder bevind dat sy optrede uiters wreedaardig, onverskillig en gevoelloos was.

[14] Die verhoorhof het ook gesê dat hy tyd gehad het om te besin, maar hy het desondanks voortgegaan om die mense te verhoed om uit die brandende huis te kom. Hy het ook geen berou getoon op die toneel nie. Hy het eerder gesê: "Dat die mense kan maar vrek brand".

[15] Na oorweging van die versagtende en verswarende omstandighede, het die verhoorhof tot die besluit gekom dat daar geen wesentlike en dwingende omstandighede aanwesig is wat die hof noop om af te wyk van die voorgeskrewe vonnisse nie.

[16] Myns insiens het die verhoorhof al die tersaaklike faktore en oogmerke van vonnis in aanmerking geneem. Die verhoorhof het ook al die tersaaklike feite by die oplegging van vonnis behoorlik oorweeg. By die oplegging van vonnis het die verhoorhof nie misgetas nie wat hierdie hof sou noop om in te meng by die oplegging van vonnis nie. Ek stem ook nie saam met die betoog van adv **Kloppers** dat die verhoorhof die belange van die gemeenskap oorbeklemtoon het ten koste van die persoonlike omstandighede van die appellant nie of dat die verhoorhof nie behoorlik oorweging geskenk het aan die versagtende en verswarende omstandighede nie of nie gewig geskenk het aan die element van rehabilitasie nie. Die feit dat die verhoorhof die vonnisse samelopend laat uitdien, is genoegsame bewys dat die verhoorhof wel aandag daaraan geskenk het.

[17] In die omstandighede is ek van mening dat die appèl ten opsigte van vonnis van die hand gewys moet word en die vonnis op al twee aanklagtes bekragtig word.

.......................................

**E MOOSA**

**CLOETE, WR: Ek stem saam.**

.......................................

**P CLOETE**